Wat hierdie konferensie veral uniek maak in die geskiedenis van die ekumeniese beweging, is dat meer as die helfte van die deelnemers nie-teoloë was wat met teoloë gaan konfereer het oor die tema: *Christene in die Tegniese en Sosiale Omwenthinge van ons Tyd*. Deskundiges op verskeie vakgebiede het hulle kennis, insigte en probleme i.v.m. 'n wêreld wat op die verskillende samelewingsvlakke van die politiek, die ekonomie en die maatskaplike lewe besig is om 'n revolusionêre verandering te onderraan, met teoloë gedeel. Christene was daar byeen om te beraadslaag oor die Christelike getuienis in verband met die roeping van die mens in die moderne wêreld.

Nou is dit juis so geweldige leerbaar en verrykend vir die gees om in 'n aantal verslae wat saamgebundel is, te sien hoe Christene wat één gemeenskaplike sorg het, nl. die blywendie deurwerking van die evangelie van Christus in hierdie twintigste eeuse wêreld van ons, maar wat met hulle verskillende kerklike, konfessionele en kulturele agtergrond van selfsprekend ook uiteenlopende oortuigings daarop nahou, tog tot sekere gevolgtrekkings kan kom waарoor hulle dit almal eens is en wat hulle vir die kerk aanbied, of liever: aan hom voorlē vir verdere bestudering en aksie. Dit is te hope dat alle kerke, ook in Suid-Afrika, dit met liefde sal

ontvang en met erns sal bestudeer. Ook verdien dit oorweging dat die Christelike Instituut dit op een of ander wyse onder die aandag van al sy lede sal bring.

### VERWRONGE BEKENDSTELLING

Hierdie hoop is egter by voorbaat grootliks reeds verydel deur die wyse waarop *Die Kerkbode*, amptelike orgaan van die Ned. Geref. Kerk, die verslag van die wêreldkonferensie aan die Ned. Geref. Kerk bekend gestel het. 'n Mens kan nie anders as om daaroor diep hartseer te voel nie. Oor hierdie aanbieding, wat ek nie anders as *verwrongs* kan noem nie, wil ek een en ander sê.

My lezers moet tog asseblief nie uit die feit dat *Die Kerkbode* en sy koers telkens weer in hierdie rubriek ter sprake kom, aflei dat *Die Kerkbode* my uitverkore swartskaap is nie. Soos dit alle lede van die N.G. Kerk betaam, het ek van sy amptelike orgaan die hoogste verwagting en wil ek graag vir hom die hoogste agting hê. En dit nie slegs vanweë die feit dat ek lidmaat van die N.G. Kerk is nie, maar veral vanweë die onbetwisselbare leidende rol wat hierdie Kerk in die Suid-Afrikaanse volkslewe vervul. Maar ek kan dit nie onder stoele en banke wegsteek dat *Die Kerkbode* soms diep teleurstel nie, veral as ek die indruk kry dat hy in sy inleidingskolomme, waarvan daar so 'n

kragtige leidinggewende invloed uitgaan, soms geneig is om te daal tot 'n peil wat hom nie waardig is nie en wat die kerk en volk waarin hy dien, nie waardig is nie.

### PONTIAANS

Dat *Die Kerkbode* die Wêreldraad van Kerke nie vriendelik gesind is nie, is een saak. Dat hy daarvan blyk gee dat hy op 'n Pontiaanse wyse teen die Wêreldraad te veld wil trek, is 'n ander saak. As hy die Wêreldraad wil beveg, sal hy dit op 'n peil van die hoogste waardigheid en in 'n gees van onkreukbare waardheid moet doen. Skeldtaal, verdagmaking, suggestiewe vrae, die stel van totaal ongegronde afleidings as feite, is die manier van iemand wat wanhopig aan die verloorkant veg, van die potsierlike dwerg wat sy vuiste teen dierots wat hy nie kan beweeg nie, pap moker.

Veral die indruk wat *Die Kerkbode* as amptelike orgaan van 'n hooggerespekteerde kerk soos die N.G. Kerk met so 'n weergawe van die motiewe en handelinge van die wêreldkonferensie moontlik na buite kan maak, op Christene en kerke en instansies wat weet wat in werklikheid daar gebeur het, ontstel 'n mens. As 'n mens van iemand verskil, dan moet jy tog deugdelike gronde daarvoor hê? Dan moet jy dit tog op so 'n wyse doen dat jy hom altyd weer in die oë kan kyk? En as dit om die fundamentele dinge van ons saligheid gaan en jy werklik oor sy dwaling bekommerd is, moet jy jou tog veral nie met 'n hoplose waninterpretasie van sy bedoelinge en met hysteriese uitbarstinge, in sy oog belaglik en missien selfs veragtelik maak nie? Agter die waarheid wat

ons aan 'n ander in sy dwaling voorhou, moet God tog staan? Hy moet tog immers ook herken kan word in die wyse van ons optrede as ons voorgee om vir die waarheid te stry?

Hierdie veronderstellinge mis 'n mens in *Die Kerkbode* se inleidingsartikel van 19 April 1967. Wie die verslae van die wêreldkonferensie lees, kan nouliks glo dat dit in die artikel werklik oor dieselfde saak gaan.

## ONVERSKOONBAAR

Twee dinge het *Die Kerkbode* in sy hantering van die verslag sommer uit die staanspoor skromelik en blindweg veronagsaam. As dit nie dinge is wat in die verslag self uitdruklik staan nie, kon dit miskien nog verskoonbaar gewees het. Die eerste is dit, dat daar op die binnekant van die titelblad waar sekere bepalings i.v.m. kopiereg aangegee word, in duidelike letters staan dat aanhalings uit die verslag toelaatbaar is *mits die bron volledig aangegee word*. Sonder enige bladverwysings haal *Die Kerkbode* egter aan en aarsel selfs nie om in een sin 'n storie op te maak uit dinge wat in verskillende verband op verskillende bladsye staan nie. As bladverwysings maar aangegee is sodat lesers vir hulself kon kontroleer, sou dit ook veel makliker gewees het om vas te stel dat wat *Die Kerkbode* as standpunte van die konferensie bekend stel, in etlike gevalle (en dit moet veral in gedagte gehou word waar dit om sake van 'n uiters kontensieuse aard gaan) een van verskeie uiteenlopende standpunte oor 'n bepaalde saak is wat in 'n verslag belang word.

Die tweede hang hiermee saam en is dit, dat daar in die verslag op die eerste bladsy van die Inleiding (bl. 6) uitdruklik verklaar word dat die *gevolgtrekings en aanbevelings* wat by die verskillende verslae ingesluit is (dus nie die verslae in hul geheel nie, maar slegs daardie dele wat as sodanig aangedui is) besluite van die konferensie geword het. Let wel: dit het besluite van die *konferensie* geword en nie „slagspreuke van die Wêreldraad” waarteen *Die Kerkbode* aan die slot van sy artikel meent te waarsku, en wat bedoel sou wees as „ekumeniese voorskrifte vir die verhouding van die kerk tot die politiek” nie, maar bloot, so beskeie soos dit hoort: besluite van 'n konferensie wat na die Wêreldraad en sy ledekerke verwys is vir behoorlike bestudering. By die beoordeling van die verslag in sy geheel, kan dus slegs

daardie dele van die konferensie as besluite beskou word wat werklik besluite was, en nie alles wat in elke verslag staan nie! Dit is tog 'n elementêre veronderstelling waarvan uitgegaan moet word by die lees van enige kerkvergadering se „handelinge”.

## FANTASTIESE ONSIN

Wou *Die Kerkbode* van die wêreldkonferensie in Genève 'n tweede Mindolo-gruwelkroniek maak, behalwe net dat die saak hier „veel ernstiger” geword het omdat dit in Genève om die beplanning van 'n wêreldrevolusie gegaan het? Dit is tog ondenkbaar dat sulke fantastiese onsin ooit in die kolomme van 'n hoogaangeskrewe kerkblad gesuggereer kan word. Maar 'n mens se oë bedrieg jou tog nie as jy lees wat daar staan! En wáár kom *Die Kerkbode* tog daaraan? Vergelyk maar die opschrift van die artikel, *Kerk en Revolusie*, wat op sigself al met so 'n duidende suggestie gelaai is vir die ore van die wetsgehoorsame en ordeliewende en veelal met „antikommunisme” bestookte kerkvolk tot wie *Die Kerkbode* hom rig, met die tema van die konferensie: „Christians in the Technical and Social Revolutions of our Time”.

Inderdaad was hierdie weersinboesemende opschrift nie 'n toevalige glips nie. Uit die inhoud van die artikel blyk dit dat dit spesifiek so gekies moes gewees het om as geskikte opschrift te dien vir die wolhaarstorie wat volg.

## REVOLUSIE?

Die „sleutelwoorde” van die konferensie was „blybaar”: dinamiese handeling en sosiale revolusie. Dat „dinamiese handeling” een van die sleutelwoorde sou wees, lei *Die Kerkbode* af uit punt 2 van die „Boodskap van die Konferensie” (bl. 48-50): „During our days together, we have been reminded of the new possibilities now open before man, as well as of the new threats to human existence. We have been given a new sense of the urgency of the task before us. In the light of what is now happening in our society, we Christians cannot escape the call to serious study and dynamic action”.

*Die Kerkbode* suggereer egter dat hierdie „dinamiese handeling” op 'n „sosiale revolusie” wat deur die konferensie geïnstigeer sou wees, betrekking het. Hoe hy die kloutjie hier by

die oor kry, weet hy alleen. Of wéét hy? In elk geval kry hy dit reg om „sosiale revolusie” as tweede sleutelwoord van die konferensie naas „dinamiese handeling” en inhoudgewend daarvan, te vind in punt 1 van die Boodskap: „We, participants in the World Conference on Church and Society, are grateful to God who has brought us together from 70 nations of the world. We thankfully acknowledge that he has granted us this experience of the world community which is emerging in this age of advanced technology and social revolution. By his grace we have come to a new awareness of the reality of the Church as the people of God, united in diversity, sustained in weakness by the power of the Holy Spirit, and called to participate in the freedom and reconciliation offered us by Jesus Christ”. Dit gaan vir die konferensie dus om die dank wat hy aan God verskuldig voel dat ook die Kerk van Christus as 'n reële wêreldgemeenskap ondervind kan word in hierdie eeu van sosiale omwenteling!

Dit is klaarblyklik nie die gedagtes van die konferensie wat besoedel was met die aanstigting van 'n revolusie van watter aard ookal nie. Onteenseglik het dit vir hom gegaan om die ware belewing van die weldade van Christus en om die roeping van sy kerk in hierdie snel veranderende wêreld. Op die eerste bladsy van die Inleiding (bl. 6) staan daar al iets wat *Die Kerkbode* die hoof in skaamte moet laat hang: „The conference was charged with advising the churches and the WCC on their ministry in a world undergoing revolutionary social change”.

Maar *Die Kerkbode* het nou eenmaal sy eie tema gekies vir die gruwelverhaal wat hy wou vertel, en laat ons nou hoor hoe hy verder daarop voortborduur.

## MARXISME?

Die handeling en die revolusie waarop „die Wêreldraad se konferensie” dan sou aangedring het, so lui die storie verder, is o.m. dit, dat daar 'n oorplasing van kapitaal moet wees van die ryk lande na die armes. Nou heet dit sommer ook al „die Wêreldraad se konferensie”; en tot watter dieptes waartoe daar in sekere kringe met die moddergooiery teen die Wêreldraad gedaal word, ook *Die Kerkbode* tot 'n mens se ontsteltenis blyk te neig, besef jy weer as hy antwoord op sy selfgestelde vraag waarheen die konferensie mik:

'n Internasionale begroting en 'n internasionale belasting wat (op gesag van Alice Widener!) slegs uitgevoer kan word in 'n stelsel van wêrldsosialisme waarin die Marxistiese leer domineer! Nou is die Geneefse revolusie-komplot ontmasker en kan daar voortgegaan word om aan te toon hoe die weg wat vir sy uitvoering beplan word, al meedoënloser word, ja, tot die bloedige toe. Grieselig, voorwaar . . .

Maar laat ons eers weer die verslag self ter hand neem voordat ons fiksie en feite nie meer van mekaar kan onderskei nie en verdigsel vir waarheid aan ons laat opdis.

### „DIE HUMANE”

In die verslag van Seksie I, *Economic Development in a World Perspective* (bl. 51-93), waarin die gedagte van 'n „internasionale begroting” en 'n „internasionale belasting” inderdaad voorkom, word daar voorgestel dat „die humane” vir die kerk as kriterium moet geld in die beoordeling van ekonomiese en maatskaplike verandering. En met „die humane” word bedoel 'n Bybelse menseskouing wat deur die Christusopenbaring bepaal word. „In him” (Jesus Christ) „we see most clearly what it means to say that man is made in the image of God, that in dealing with the material world the Christian is called to express the Lordship of Christ, and to do so with a sense of his solidarity with all men”. Die Christen leef sy Christelike lewe nie slegs in die kerk nie, het die konferensie besef, maar ook in die wêreld. Sy lewe in die kerk is egter nie sonder betekenis vir sy lewe in die wêreld nie, maar normatief daarvoor. Die krag en inspirasie om in die wêreld die ware medemenslikheid te beoefen, ontleen die Christen aan die lewe wat in die kerk geleef word. Die lewe in die kerk is paradigmatis vir die lewe in die wêreld. Van die kerk word gepraat as „the Christian community, the fellowship of the Holy Spirit”. „In this community”, so word verder gesê, „the gifts of each member are meant to contribute to the common life of the whole, and not to be used merely for personal aggrandisement”. En hierin het ons die voorbeeld en die norm vir die inrigting van die wêreld. „The fellowship of the Church should witness to what man's entire political and social life should express”. (Bl. 52).

### „TEOKRATIES”

Dat daar verskil kan word oor die standpunt dat die ware menslikheid in Christus aan ons geopenbaar is, is goed begrypplik. Daar was dan ook geen gedagte by die konferensie om dit as 'n enigste standpunt te verabsouteer nie, en dit is ook duidelik gestel: „In stressing the criterion of the human we are aware that there is no full theological agreement on the meaning of our humanity in Christ, and the World Council of Churches could usefully invite a group of theologians and social scientists to pursue this question” (bl. 52 en 91). Dit is egter moeilik — vir 'n Gereformeerde Christen haas onmoontlik; alle Gereformeerdes dink in 'n meerder of mindere mate maar „teokraties” — om die gedagte dat die lewe in die kerk paradigmatis moet wees vir die inrigting van die hele politieke en sosiale lewe, te weerspreek.

### BELASTERING

Maar wat ek in verband met die Kerkbode-storie wil opmerk, lê hogenaamd nie op die vlak van 'n rede-like gedagtewisseling oor theologiese vrae nie. Dit gaan vir my slegs om sy totaal ongegronde en onredelike verdagmaking, ja, belastering van 'n konferensie van Christene, waardeur hy nie soseer die Wêreldraad van Kerke nie, maar homself as amptelike orgaan van die N.G. Kerk en daarmee die N.G. Kerk self onder 'n vraagteken van die ernstigste betwyfeling plaas. Met sulke loutere onsin soos dié wat *Die Kerkbode* van Alice Widener oorneem, as sou „die Wêreldraad se konferensie” wil afstuur op 'n stelsel van wêrldsosialisme waarin die Marxistiese leer domineer, kan geen goeie saak gedien word nie. As die N.G. Kerk stilswyend en goedkeurend toelaat dat *Die Kerkbode* sy distansiëring van die Wêreldraad begin verdedig met wapens wat uit hierdie arsenaal gehaal word, het dit tyd geword dat die N.G. Kerk homself dringend moet afvra aan watter kant hy staan in die stryd van die lig en die duisternis.

### HOOGSTE NORM

Dit is duidelik dat die wêreldkonferensie slegs na één ding gesoek het en ook nie wou verberg dat hy daar-na soek nie, nl. die hoogste Christelike norm vir die politieke, ekonomiese en sosiale inrigting van die samelewing, op nasionale sowel as op

internasionale vlak. Dit het hy, met 'n verklaarbare theologiese huiwering, in „die humane” gevind. As daar maar die geringste spoor daarvan was dat 'n bepaalde ekonomiese stelsel (volgens *Die Kerkbode* sal dit dan die Marxisme moet wees!) deur die konferensie verabsoluteer en tot norm verhef is, was 'n mate van agterdog miskien geregtig. Die teendeel is egter die geval. In die verslag self, waarin uiteraard stellinge voorkom wat meer kontroversiel van aard is as die versigtig geformuleerde besluite, word daar al pertinent gewaarsku teen die verabsolutering van enige bepaalde ekonomiese stelsel: „There is no kind of economic system within which the Christian Church is not found, and on the whole Christians tend to support the kind of society in which they live. This fact should not occasion surprise; what is surprising is that Christians have so often argued that only one economic system is Christian . . . The role of Christians is to be critical participants in the societies in which they find themselves”. (Bl. 57).

### CHRISTELIKE BARMHARTIGHEID

Nie deur die Marxisme geïnspireer nie, maar op grond van die Christelike beginsels van die geregtigheid, die liefde en die barmhartigheid het die konferensie geredeneer dat daar in 'n tyd van wêrldwye ekonomiese opbloei veral ook aan die minderbevoordele, in die sin van enkelinge en volkere, gedink moet word, ongeag die ekonomiese stelsels waaronder daar in verskillende lande geleef mag word. Dit is inderdaad ook nie die konferensie wat besluit het dat daar 'n oorplasing van kapitaal van die ryk lande na die armes moet wees, waaruit *Die Kerkbode* meen om skamper te konkludeer: „Daar moet dan 'n internasionale gevoel van verantwoordelikheid teenoor die minderontwikkelde lande wees” nie. Daar word uitgegaan van die feit dat daar 'n groeiende besef van internasionale verantwoordelikheid is vir hulpverlening aan minder-ontwikkelde volke, en dit word as 'n hoopvolle teken begroet. (Geld dit nie ook van Suid-Afrika nie? En is dit nie die duidelike koers wat deur ons huidige Eerste Minister aangedui word vir die beleid van Suid-Afrika t.o.v. minder-ontwikkelde Afrikastate nie?) Daar word in die verslag egter besorgdheid uitgespreek oor die effektiwiteit van sodanige hulpverlening, of dit werklik altyd aan die lang-

termyn ontwikkeling van volke diensbaar is of slegs 'n kort-termyn noodleniging is. 'n Elementêre reël van alle kerklike barmhartigheidsdiens word hier in ag geneem en vir die toepassing daarvan ook in die internasionale hulpverlening word gepleit. Op grond daarvan is die noodsaaklikheid van internasionale samewerking beklemtoon en met die oog daarop is die gedagte in die verslag uitgespreek dat dit eventueel mag lei tot 'n „internasionale begroting” en 'n „internasionale belasting” (bl. 75).

Hierdie gedagte het inderdaad ook in die besluite van die konferensie 'n neerslag gevind. Die konferensie het by die Wêreldraad van Kerke aanbeveel om 'n voortgaande professionele en tegniese studie te maak van probleme rakende die ekonomiese, sosiale en politieke ontwikkelinge in die wêreld, met besondere verwysing o.m. na die moontlikheid van die instelling van 'n internasionale belasting vir wêreldontwikkeling. (bl. 92).

## OFFERS

Maar hoe Marxisties-Leninisties-Stalinisties die hele aangeleentheid sou wees, merk *Die Kerkbode* „met ontsteltenis” as daar in 'n sub-seksie van die verslag, waarin gehandel word oor *World Economic Relations*, gepraat word van die offers wat nodig mag wees vir die verwerkliking van sosiale geregtigheid op wêreldskaal. Hierdie deel van die verslag gaan weer eens uit van die *feit* dat sosiale geregtigheid die grondslag is waarop die ekonomiese groei van vele lande plaasvind. Dit is egter nodig dat dit in die wêreld alom die geval sal wees. „The challenge of our times is to extend this understanding to the world community” (bl. 80). Alle volke, veral die wat ekonomies sterk is, moet verder kyk as hulle beperkte selfbelang en hulle verantwoordelikheid in wêreldperspektief sien. Daar moet, op grond van die evangelie dat God die Skepper en Versoener van die hele wêreld is, 'n regverdiger verdeling van die goed van die wêreld wees, en volke en regeringe kan aan hulle roeping slegs getrou wees as hulle saamwerk in die strewe daarna (vgl. bl. 89). Dan word daar, met 'n nugtere realisme, in die verslag iets gesê wat vir ons hier in Suid-Afrika wat 'n politieke beleid volg wat óók daarop aanspraak maak dat dit politieke en sosiale geregtigheid wil laat geskied, oorbekend is omdat

dit feitlik in daardie woorde al so dikwels van die kant van ons eie owerheid aan ons voorgehou is: „The fundamental restructuring of the world economy” (ons kan hierdie woorde goedskiks vervang met: „The implementation of the policy of separate development”!!) „necessarily implies temporary dislocation and possible suffering for a large number of people” (bl. 86).

## „VIR WATTER WÊRELD-DIKTATUUR?”

En dit is wat *Die Kerkbode* so ontstel. Dááruit weet hy dat ons hier met niks anders te doen kan hê nie as met die groot Rooi goggwa wat die Antikommers met so 'n verbysterende vernuf kan uitsnuffel in elke kerk, organisasie of persoon wat dit vir medemenslikheid opneem en vir sosiale geregtigheid pleit; en deur die bril van Alice Widener sien hy al net „koppe rol” en bloed vloei. Dat daar 'n beroep op die kerk gedoen word (*Die Kerkbode* haal nie die besluit van die konferensie aan nie, maar uit die verslag) om maatregels wat nodig mag wees om sosiale geregtigheid op internasionale skaal te beoefen, vir mense wat daardeur *tydelike* ontwrigting en ontbering mag ondervind, aannemlik en verstaanbaar te maak, plaas vir *Die Kerkbode* die „kerklike stempel” daarop dat „in die uitvoering van so 'n 'kerklike' ekonomiese plan” miljoene mense „ontwortel, geruineer, verslaaf en selfs gedood sal moet word”; en die gedagte ontpers aan hom die benoude gil: „Die kerke diensbaar aan die wêreldwye sosiale en ekonomiese revolusie!” En Rusland en China loer om die hoek . . .

In die lig van hierdie konklusie blyk 'n voorafgaande vraag dan bloot retories te wees: „En vir watter wêrelddiktatuur wat vir so 'n projek nodig sal wees moet die kerke dan handlangers wees en oortuigingswerk doen?”

## JESUS IS HERE

Kan 'n mens, wanneer jy die Kerkbode-artikel lees, glo wat jy daar voor jou oë sien? Is jou sinne nie besig om jou te bedrieg nie? Nêrens in die verslag van Seksie I van die konferensie, waarom dit in die bespreking tot hiertoe gegaan het, is iets anders af te lei nie as dat daar gespreek is vanuit die belydenis dat

Jesus die Here is en dat daar gesoek is na die Christelike maatstaf vir die konkrete gehoorsaamheid in die liefde tot God en die naaste. In die eerste reëls van die verslag word die groei in ekonomiese produktiwiteit dankbaar erken as 'n gawe van God wat in gehoorsaamheid aan Hom aangewend moet word tot voordeel van almal (bl. 52). Agter die noodsaaklikheid van internasionale samewerking in belang van 'n wêreldwye sosiale geregtigheid, sien die konferensie nie die aandrang van Moskou en China deur die rooi bril wat *Die Kerkbode* van Alice Widener geleen het nie, maar 'n sedelike imperatif (bl. 80) wat uit 'n verdere ontvouing van die gedagtegang nie blyk te kom uit 'n (ongelowige) „humanistiese” mensbeskouing en wêreldideaal nie, maar uit die Christelike humaniteit wat sy grond daarin het dat God die Skepper en Versoener van die hele wêreld is. Op grond daarvan word in die verslag die gedagte uitgespreek dat, wie in ons wêreld van vandag waarin ons één wêreldgemeenskap binne die grense van één wêreld in sig gekry het, teenoor 'n sosiale geregtigheid wat noodwendig wêreldwye afmetings moet aanneem, onverskillig staan of dit in die weg staan, onder die oordeel van God staan (vgl. bl. 89). Volkome in ooreenstemming met die Skrif is die volgende stelling: „The technical is not amoral or non-ethical. God is concerned in such technical problems as liquidity, the terms of trade, tariffs and infrastructural development. To think or act otherwise is to create a false dichotomy and to try to confine God within an ecclesiastical system divorced from the world he died to save” (bl. 89-90). Ek kan nie anders nie as om hierin klanke te hoor van die waarheid wat sal bly tot in ewigheid. Maar waar kom die onherkenbare karikatuur vandaan wat *Die Kerkbode* daarvan maak? Volgens die Geneefse konferensie, sê hy, moet snelle verandering teweeg gebring word, indien nodig, met geweld. „Maar dan het die konferensie by voorbaat één wêreldekonomie, wêreldbelasting en, by implikasie, politieke beheer aanvaar. Wie hierteen skop, is volgens hom in verset teen die Skrif en moet gedwing word om die regte van ander, volgens bogenoemde voorskrif, te eerbiedig”. Die skrikbeeld wat *Die Kerkbode* hiermee opbou, is beslis nie een van die Wêreldraad van Kerke nie . . .

## "OM DIE WAARHEID TE SÊ"

*Die Kerkbode* praat van 'n „projek”, d.w.s. 'n kant en klaar uitgewerkte plan (maar 'n hoeveel-jaar plan sê hy nie) wat aanvaar is en van 'n „kerklike” stempel voorsien is. En dit in weerwil van die uitdruklike en uitgesproke huiwering waar mee die konferensie sy gedagtes oor internasionale samewerking aansbied. „The conference recognized that these are highly complex questions on which further detailed study is needed” (bl. 80). Dit lyk waarlik nie of een enkele woord wat hy oor die konferensie te sê gehad het, agterbly as 'n mens dit oor die sif van die waarheid uitgooi nie.

Weer eens haal hy nie uit die aanvaarde besluite aan nie, maar uit die verslag, en voorsien sy mededeling nogal van 'n waarheidsverzekering as hy met die volgende kom: „Om die waarheid te sê, die konferensie bepleit kerklike deelname aan politieke opvoeding sodat 'n politieke strewe na 'n wêreldeconomie en 'n wêreldgemeenskap opgewek kan word en nasionale soewereiniteit verminder kan word”. Inderdaad word daar in die verslag ook gehandel oor die noodsaaklikheid van die opvoedingsstaak van die kerk in 'n wêrelf van snelle ekonomiese ontwikkeling. Om sy rol in die gemeenskap te kan vervul, moet die kerk die magte en instellings wat daarin werk, ten volle begryp. Naas sy pastorale taak (bl. 86-88) het hy ook 'n opvoedingsstaak. Hierin staan theologiese opvoeding voorop „to show the relationship of Christian belief and ethics to economic problems”. Dit impliseer noodwendig ook ekonomiese, politieke en sosiale opvoeding. Oor wat die bydrae van die kerk t.o.v. politieke opvoeding (d.w.s. met die oog op die beoefening van sosiale geregtigheid, waaroer die verslag handel!) behels word dan gesê: „The purpose of church participation in political education is to produce the political will for a world economic and social order compatible with Christian conscience” (bl. 88).

Ek kursiveer die laaste vier woorde. *Dit* staan daar. *Die Kerkbode* maak egter daarvan: „en (sodat) nasionale soewereiniteit verminder kan word” — 'n sin wat hy op die volgende bladsy uit 'n totaal ander verband gaan haal het en in die vertaling daarvan nie reg weergee nie (afgesien nog daarvan dat „a world economic and social order” nie sonder meer met „n wêreldeconomie en 'n wêreldgemeenskap” vertaal kan

word nie). Onder 'n ander paragraafopskrif, nadat die opvoedingsstaak van die kerk klaar bespreek is, nl. „Die Uitdaging aan die Kerke”, word in die verslag opgemerk dat internationale samewerking tot 'n regverdiging verdeling van die goedere van God (rykdom, gesondheid, onderwys, sekuriteit, behuising, geleentheid) „a diminution of national sovereignty on the basis of mutual concessions and equal rights” mag nodig maak. *Dit* weerspieël 'n totaal ander gees en is iets totaal anders as wat *Die Kerkbode* daarvan maak.

## „VEEL ERNSTIGER”

„Veel ernstiger word die saak wanneer” (*Die Kerkbode* sê dat) „aan Christene feilik 'n vrybrief gegee word vir geweld en wetsoortreding”. Hy bedoel dit is deur die konferensie gedoen. Dit haal hy uit die verslag van Seksie II oor *The Nature and Function of the State in a Revolutionary Age*. Maar uit die wyse waarop daar met die verslag van Seksie I omgegaan is, kan my lesers met reg vermoed klat hulle regtig nie „veel ernstiger” hoef te raak oor wat nou gaan volg nie. Miskien het ek ook al genoeg gevra van die uithouvermoë van my lesers en van die ruimte van *Pro Veritate*, en sal dit daarom so kort moontlik probeer bespreek.

Die stelling van *Die Kerkbode* is nie vir misverstand vatbaar nie. Dit dig aan die wêreldkonferensie iets toe wat net een betekenis kan hê. „Pleeg geweld, indien nodig” (nl. vir die ekonomiese revolusie wat moet plaasvind) is die woorde wat hy die konferensie in die mond lê. Maar hoe lyk dit as dit in die lig van die verslag self beoordeel word? Eerstens, die aanhaling uit die verslag waarop *Die Kerkbode* hom vir sy aantyging beroep, is nie 'n besluit wat deur die konferensie aanvaar is nie. Tweedens, selfs die „Conclusions”, wat alléén besluite van die konferensie is, word aangebied met die voorbehoud: „This” (nl. die hele vraagstuk van die staat) „is an area of theology which is in transition, and our conclusions call for continuing work in this area” (bl. 96). Derdens, as een van „some unresolved issues” word die vraag genoem: „Is it ever justifiable for a Christian not only to participate in but even to take an initiative part in violent political or other social overthrow against the laws of the state?” (bl. 105).

Die verste wat die besluite van die

konferensie in hierdie rigting gaan, is 'n negatieve toevoeing aan 'n positiewe uitspraak omtrent die wet as „instrument of justice”, wat lui: „When law represents arbitrary state power, men may on occasion have a right and a duty to disobey it” (bl. 118) — 'n stelling wat in die Christelike politiese etiek algemeen aanvaar word. Vir verdere bestudering is o.m. aanbeveel: „A theological understanding of: (a) revolution and especially the ethics of violent action” (bl. 119).

## VANWAAR DIE SPOOKSTORIE?

Waar kom *Die Kerkbode* dan tog aan sy spookstorie van die „vrybrief tot geweld”? Omdat dit so 'n „veel ernstiger” saak is, probeer hy maak soos dit 'n verantwoordelike kerkblad sou betaam en gee hy voor om die kwaad met vers en kapittel aan te dui. Uit die verslag, let wel: nie uit die besluite nie, haal hy as bewysvoering die volgende aan: „In many cases where legislation violates an acceptable constitution, and no speedy means of legal relief are available, the Christian may be called to civil disobedience (sit-down strikes, passive disobedience or deliberate violation of laws)” (bl. 115). Siedaar, dit kom so uit die pers se bek. *Dit* is die „vrybrief”! Want, redeneer *Die Kerkbode*, wie bepaal nou eintlik wat 'n aanvaarbare grondwet is, watter wetgewing daarteen indruis, wat 'n vinnige metode vir verligting is of wat die grens vir „opsetlike wetsoortreding” is? Hiervolgens, so lyk dit vir die heilige blad (en daar is geen ironie in as ek dit „heilig” noem nie, maar opregte erns!) sal 'n „revolutionêr” haas enige vorm van sabotasje as opsetlike wetsoortreding kan pleeg op grond van 'n kerklike mandaat.

Sy vier onbeantwoorde vrae beantwoord hy dus self met een benoude uitroep: „Geweld!” Dit is dan eintlik die ontknopping van die hele Genève-gruwelverhaal: Die wêreldkonferensie in Genève het 'n sosiale en ekonomiese revolusie beplan met die cog daarop om die hele wêrelf onder die diktatuur van die kommunisme te bring en beveel aan dat dit „indien nodig, met geweld” deurgevoer moet word. Dit staan nie presies so in *Die Kerkbode* nie (behalwe die woorde tussen aanhalingstekens in die bestaande sin wat hy self tussen aanhalingstekens plaas en maar érens in die verslag moet aantoon as hy kan), maar presies dit, en niks anders nie,

wou hy sy lesers in die kop prent. Vrae, suggesties, koppeling, tipiese woordgebruik moes dien om hulle daarvan, en van niks anders nie, te oortuig.

### ONTMASKER

Maar hoe grieseliger en fantastieker die spook is wat 'n mens maak om 'n ander mee die skrik op die lyf te ja, hoe groter die grap as hy dit „ontmasker”.

In die verslag van Seksie II, waarvan 'n sub-seksie handel oor verantwoordelike deelname van die Christen aan die politieke lewe, word o.m. „besonder moeilike sake” onder 'n aparte hoof bespreek, soos (a) die gebruik van konstitusionele en buitekonstitusionele metodes van politieke aksie; (b) die gebruikmaking van gewelddadige en nie-gewelddadige aksies; en (c) die regte van minderhede of verdrukte groepe in die lewe van 'n volk. *Die Kerkbode* het die „vrybrief tot geweld” nie in (b) gevind nie, maar in (a)! Want in (b) staan daar iets wat in sy saamgestuurde storie nie die spel sou saamspel nie — op een en dieselfde bladsy waaruit hy aanhaal: „Even in the most adverse circumstances, the Christian should distinguish himself in his persistent challenge of evil through non-violent means” (bl. 115). Bowendien, hoe hy (a) vir sy doel kon inspan sonder 'n ernstige gewetenskonflik, is vir my nie duidelik nie. Vrae wat hy as ope vrae stel — vrae egter wat „geweld” nie alleen moontlik maak nie, maar as onontwykbare implikasie die „vrybrief” gee daarvoor — word alles ten duidelikste daarin beantwoord.

### VIER VRAE

Geweld, sê *Die Kerkbode*, dit is waartoe die konferensie eintlik wou aanhef, want (1) die verslag sê nie wat 'n aanvaarbare grondwet is nie. Die saboteurs, lei *Die Kerkbode* af, kan dus daaroor oordeel soos hulle wil. En tog word daar in die verslag, in die paragraaf onmiddellik voorafgaande aan die een waaruit aangehaal word, 'n beskrywing van 'n goeie grondwet gegee wat klaarblyklik tog as norm moet dien. Dit is „a constitution which clearly guarantees human rights and dignity as understood by Christian faith and by universal consensus.” (2) Die verslag sê nie watler wetgewing teen 'n aanvaarbare grondwet indruis nie. En tog word die norm duidelik aangedui en gepraat van „cases in which . . .

legislation often does not conform to the constitution”, nl. soos in die vorige paragraaf omskrywe! (3) Die verslag sê nie wat 'n „speedy means of legal relief” is nie. En tog is dit duidelik dat hier geen ander metode bedoel word nie as dié wat 'n goeie systeem van wetgewing waarborg „in which adequate provision is made for orderly and periodic modification and improvement”. (4) Die verslag sê nie wat die grens van „opsetlike wetsoortreding” is nie. En tog word as *terminus a quo* van Christelik geoorloofde wetsoortreding aangedui gevalle waar wetgewing teen 'n aanneemlike grondwet indruis en daar geen ander „speedy means of legal relief” voor hande is nie; en as *terminus ad quem* word die moontlikheid genoem dat, waar die grondwet self verander behoort te word om menseregte beter te waarborg, en dit onmoontlik blyk te wees, „the Christian may come to the conclusion that he has no alternative but to violate the constitution in order to make possible a better one”.

### GEWELD?

Fisiese geweld is hier in elk geval heeltemal buite oorweging. Die verslag plaas die lewessie van geweld of nie-geweld in 'n totaal ander probleme-kategorie. Bowendien moet by herhaling gesê word dat ons hier nie met 'n besluit van die konferensie te doen het nie maar met 'n gedagtegang wat in 'n verslag ontvoer word. En dit moet beklemtoon word dat dit nie sommer so, op die manier van *Die Kerkbode*, in een asem genoem kan word met die gedagtes wat uitgespreek is en aanbevelings wat gemaak is in verband met die Christelike roeping tot sosiale geregtigheid op wêreldskaal nie. *Die Kerkbode* suggereer egter, sonder om te blik of te bloos, dat geweld die „kerklike mandaat” is wat die konferensie vir „die revolutionêr” gegee het om die sosiale en ekonomiese revolusie snel te laat plaasvind.

Vraag aan *Die Kerkbode*: Is dit die resep wat hy aan die N.G. Kerk voorhou oor hoe om met 'n ander se woorde om te gaan? Kan die Woord van God bv. ook maar só gehanteer word in die prediking?

### „BEWAAK JOU HART”

Die implikasie wat hy lees in die „advies” van „kerkmanne wat die ekumeniese voorskrif vir die verhouding van die kerk tot die politiek aan ons wil voorhou,” laat *Die Kerk-*

*bode* sy oë groot rek. Die Geneefse konferensie laat 'n „evangelie” van „revolusie” hoor „wat nie bloot 'n algehele hartsverandering bepleit nie”. As *Die Kerkbode* dan regtig nie op 'n waarskuwing op grond van die getuenis van profete en apostels in die Skrif wil ag slaan nie en die valse digotomie wil handhaaf wat die evangelie van Christus en die aansprake daarvan uit die wêreld wil verdryf om dit „bloot” tot die harte van mense in te perk, dan is dit stellig nie te veel gevra nie dat hy dan met die stukkie evangelie wat hy wel glo, wat ten minste darem 'n verandering van hart bewerk, sal erns maak. *Kerk en Revolutie* van 19 April 1967 lyk maar lelik as 'n mens dit aan die waarheid toets. En waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Daar is 'n woord van die Spreukedigter wat *Die Kerkbode* dan tog in ag moet neem as hy vir baie ander leringe van die Bybel nie 'n oor het nie. „Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe”, (Spr. 4:23).

### BEN ENGELBRECHT.

(An English summary of this article will appear in our next issue.)

\* \* \*

Die volgende is verkrygbaar by die Christelike Instituut, Dunwell 408, Joriszenstraat, Braamfontein, Johannesburg.

World Conference on Church and Society. Official Report, Geneva 1967. Prys 80c.

J. Brooke Mosley, Christians in the Technical and Social Revolutions of our Time. Suggestions for Study and Action. Ohio, 1966. Prys 30c.

Gedruk deur Prompt Drukpers Maatskappy (Edms.) Bpk., Harrisstraat 11, Westgate, Johannesburg.

PRO  
VERITATE